**10 Junie**

**Kla u nood in God se oor!**

**Skrifgedeelte: Psalm 40**
**Fokusgedeelte: Psalm 40:3-6**

Wag is deel van die werk van die Heilige Gees in ’n mens. Ons raak gou paniekerig en ongeduldig as ons moeilikheid kry, ons sal nie aarsel om daaruit te vlug nie, sekondes voel mos dan soos ure. Dan bid ons haastig: “*Maak tog gou, o Here!*” Soos vers 5 daarna verwys, en Saul die heks van Endor geraadpleeg het omdat hy nie geduldig kon wag nie, is daar vandag ook baie mense wat hulle tot skyngode wend in palmlesers, toekoms- en fortuinvertellers, profete ...

Moeilikheid tref gewoonlik op fisies-liggaamlike, verstandelike, geestelike en emosionele vlak, daarom moet ons in vertroue bid om oplossings en uitkoms uit die nood op al hierdie vlakke. Bid om fisiese uitkoms, vra na die oplossing van jou probleem, vertel selfs hoe jy dink dit moet gebeur. Bid om verstandelike insig in sowel jou probleem as om vanuit die Bybel deur die Heilige Gees agter te kom wat God se wil is, wat God as oplossing aan die hand doen. Bid vir geestelike, dit is geloofskrag sodat jou probleem jou nie van God moet vervreem nie. Bid om emosionele kragte om staande te bly en nie onbeheersd kop te verloor nie.

Hierin lê alle oplossings, genesings, antwoorde, uitkomste ... want die Here hoor hoe ons uit die diepte van ons nood soos uit ’n diep put na Hom roep – selfs in ons moedelose wanhoop.

Gaan met u moeilikheid biddend geduldig na God toe. Moenie na twee of drie probeerslae tou opgooi nie, hou aan. Onthou Jesus se woorde: “*My uur het nie gekom nie*.” Onthou God se antwoord aan Paulus na sy herhaalde volledige gebede oor die doring in sy vlees: “*My genade is vir jou genoeg*.” Onthou Jesus se woorde aan die owerspelige vrou: “*Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie*.”

*Sing: Psalm 34:1, 2; Psalm 139:1, 2, 3, 9Ds PK Lourens (Bloemfontein/Bloemfontein-Oos)*